

Theron & Vennote se Fopnuus

Theron & Vennote het onlangs hul Junie 2017-nuusbrief uitgestuur. Orthotouch se kommentaar tot die betrokke nuusbrief volg hieronder.

“Fopnuus is ’n tipe joernalistiek wat bestaan uit opsetlike disinformasie wat via tradisionele gedrukte en nuusmedia of aanlyn-sosiale media versprei word. Fopnuus word geskryf en gepubliseer met die doel om te mislei, dikwels met sensasionele, oordrewe of blatante vals opskrifte om aandag te trek, ten einde finansiële of politieke munt daaruit te slaan.” - Wikipedia

Jacques Theron van Theron & Vennote en sy georkestreerde mediaspan het absolute meesters geword in die fabrisering en verspreiding van Fopnuus. Die inhoud van die Junie 2017 uitgawe van Theron & Vennote se Maandelikse Nuusbrief is n duidelike illustrasie van n Fopnuus publikasie. Die inhoud van die nuusbrief is propagandisties wat bloot versprei word om finansiële bydraes vir die Hoëveld Sindikasie Aksie groep (“HSAG”) en die sogenaamde te gesertifiseerde klas aksie in die Hoëveld Sindikasie-saak te werf.

Onlangse media-artikels is duidelik n retoriese weerspieëling van geselekteerde propagandistiese inligting deur Theron & Vennote en/of die HSAG aan die betrokke joernaliste verskaf. Dit word dan ook onderskryf en gestaaf deur onweerlegbare feite wat ons nie in hierdie stadium bekend kan maak nie.

Paragraaf 1

Die nuusbrief bevat dan ook die volgende stelling: ***“31 Maart 2017 was die sperdatum vir laat registrasies om by die HSAG aan te sluit,”*** en ***“Enige laat aansoeke sal slegs op ’n ad hoc-grondslag onder spesifieke omstandighede oorweeg word.”*** Dit is nie te betwyfel dat die ***“spesifieke omstandighede”*** eenvoudig verwys na betaling aan Theron & Vennote om hul regs optrede teen Nic Georgiou, Orthotouch en ander te befonds nie. Hierdie voortdurende uitgerekte litigasie is duidelik vir Theron die spreekwoordelike gans wat goue eiers lê. Die feit dat betaling die enigste vereiste vir herinstelling is, word trouens in paragraaf 3 (4de sin) opgeklaar.

Paragraaf 2

Ná ’n paar streeklwoorde en die beklemtoning van hoe belangrik finansiële bydra tot die HSAG is, beklemtoon die nuusbrief verder hoe die ***“voorgestelde HSAG klas aksie saak teen Mnr. Nic Georgiou en ander m.b.t. die onsuksesvolle Pickvest-eiendom sindikasieskemas ’n aansienlike hupstoot kan kry”***. Hierdie ***“aansienlike hupstoot”*** is blykbaar ene Mnr. Morkel Steyn wat homself van ***“Mnr. Nic Georgiou, Orthotouch en verskeie ander individue ‘gedistansieer’ het, omdat hy blykbaar glo dat hulle nie in beleggers se belang optree nie.”***

Geen verduideliking word gegee hoekom Mnr. Steyn so lank gesloer het om homself sogenaamd te “distansieer” nie. Die nuusbrief verswyg gerieflikheid halwe die feit dat Mnr. Georgiou met verloop van tyd aan Mnr. Steyn ongeveer R14,000,000 geleen het en dat Mnr. Steyn se “gewete” hom blykbaar eers begin pla het toe die lenings opdroog en terugbetaling daarvan geëis word.

In die nuusbrief word ook nie melding gemaak dat Mnr. Steyn se **voormalige prokureur**, André Vlok, by meer as een geleentheid onprofessioneel probeer het om nog geld uit Mnr. Georgiou te kry vir sy kliënt nie. Die strekking van Mnr. Vlok se eise was onder andere dat Mnr. Steyn ’n persverklaring sal uitreik en die klas aksie sal ondersteun indien Mnr. Georgiou nie nog geld aan Steyn leen nie. Die vraag ontstaan onwillekeurig wat sal Mnr. Steyn se optrede gewees het sou Mnr. Georgiou wel ingestem het om nog geld aan hom te leen. Sal sy gewete hom steeds ewe veel gepla het as hy nog geld gekry het?

Die verwysing na MoneyWeb se “**sogenaamde omvattende**” artikel is absoluut niks seggend en belaglik, aangesien die medium duidelik bevooroordeeld is met selektiewe beriggewing wat afsonderlik aangespreek sal word.

Paragraaf 3

Hierdie paragraaf onthul onteenseglik die ware doel van die nuusbrief nl. om beleggers te probeer oorreed om nog geld aan Theron & Vennote te betaal.

Dit is baie interessant dat Theron & Vennote spesifiek noem dat “**Enige persoon wat via hulle (Georgiou en Genote) skik, of wat hulle doelwitte ondersteun, moet aanvaar dat hulle beslis nie die HSAG se steun of simpatie sal geniet nie.**”

Onmiddellik ontstaan die vraag – Vir watter rede sal ’n belegger wat se eise geskik is verdere “**steun of simpatie**” van die HSAG en dan meer spesifiek Theron & Vennote benodig ?.

Talle beleggers is ontevrede omdat hulle spesifiek betaling aan Theron & Vennote gemaak het om namens hulle ’n skikking te bereik. Hierdie bydraes was hoofsaaklik bedoel vir die skikking en nie vir klas aksie registrasie; of regs-koste m.b.t. die te gesertifiseerde klas aksie; of die tersydestelling van die reëlinskema nie. Weens Theron & Vennote se versuim, weiering of nalatigheid om ’n skikking te bereik, was beleggers genoodsaak om self privaat m.b.v. ’n ’n onafhanklike derdeparty ’n suksesvolle skikking te doen.

Die betrokke beleggers gaan in elk geval hul bydraes t.o.v. die onsuksesvolle skikking van **Theron & Vennote** terug eis.

Paragraaf 4

Die algemene ongeloofwaardige optrede van Theron & Vennote plaas beslis die egtheid van die sogenaamde statistiek in hulle opname onder verdenking, of enigiets anders wat

hulle mag kwytraak. Orthotouch kan feitelik bewys dat 88% van beleggers (volgens getal) en 68% (volgens waarde) ten opsigte van Opsie 2 betaal is. Wat die res betref is dit baie duidelik dat hierdie beleggers tevrede is met die reëling dat hulle einde Augustus 2017 betaal sal word in aggenome die verhoogde rente bydrae vir hierdie tydperk. Niemand het enige klagte geopper of verhoogde betalings geweier nie.

Paragraaf 5

Theron se verwysing na 'n aantal sogenaamd suksesvolle hofsake is irrelevant. Wat wel relevant is, is dat Theron & Vennote volgens 'n aantal beleggers wat ons genader het, nagelaat het om die volgende aan hulle te verduidelik:

- 1 Indien die aansoek vir 'n klas aksie slaag, wat baie onwaarskynlik is, sal dit bloot beteken dat 'n klas (groep) applikante gesertifiseer word wat dan talle dagvaardings sal uitreik wat heel waarskynlik teengestaan sal word en;
- 2 Indien die aansoek om tersydestelling slaag, wat weereens onwaarskynlik is, sal die HS-Maatskappye heel waarskynlik gelikwieder word, wat katastrofiese gevolge vir beleggers kan inhou.

Paragraaf 6

Dit is nie ons modes operandi om sake wat "*sub judice*" is of kan wees te bespreek nie. Ons plaas egter op rekord dat een van die redes waarom die skikking onderhandelings misluk het is omdat 'n buitensporige bedrag geld (onderhandelings kommissie) geëis is deur Jacques Theron & Johan Stander sou n skikking bereik word.

As dit nie was vir Theron & Stander se buitensporige eise nie kon 'n moontlike verdere 800 HSAG applikante se skikkings ook afgehandel gewees het bo en behalwe sowat 1500 beleggers wat reeds direk met Orthotouch geskik het.

Paragraaf 7

Partye wat skikkings met ons aangegaan het, of moontlik nog kan aangaan, word volledig ingelig oor hulle regte. Ons is dus nie van voorneme om op Theron & Vennote se kommentaar te reageer nie. Ons volstaan daarmee dat Theron & Vennote tot op hede geen noemenswaardige verligting; vergoeding of enige skikking vir beleggers bewerkstellig het nie. Die uitvoering van hul mandaat om beleggers se geld te verhaal, wat onwaarskynlik is, sal nog jare duur met astronomiese regskoste. Aan die ander kant het beleggers tot op hede meer as R1,1 miljard in rente van Orthotouch ontvang, en het ons reeds verskeie eise suksesvol geskik.

Die feite hierbo na verwys is beduidend, want beleggers in ander eiendomsindikasies het tot op hede baie min geld terug ontvang, indien enige.

Paragraaf 8

Hierdie paragraaf handel ook weer oor die kern van die saak, naamlik om nog geld in te vorder.

Ons het ook 'n aantal klagtes van beleggers in Hoëveld Sindikasies 15 tot 18 ontvang nl. dat geld wat hulle aan Theron & Vennote betaal het, wanbestee is om vir die regsaksies wat met Hoëveld Sindikasies 19 tot 22 verband hou te betaal. Theron & Vennote berig keer op keer dat hulle binnekort namens HS15 tot 18-beleggers sal optree, maar tot op hede (selfs sowat twee jaar nadat beleggers reeds daarvoor betaal het) is daar nog hoegenaamd niks uitgerig nie.

Theron & Vennote ignoreer beleggers in HS 15 tot 18- se versoeke om bewyse te lewer dat hul geld steeds in trust gehou word.

Die vraag ontstaan of die sinsnede in hoofletters aan die einde van klousule 8 betrekking het op beleggers se HSAG bydraes in Hoëveld Sindikasies 15 tot 18, en/of persone wat slegs vir die onderhandeling van 'n skikking betaal het?

Paragraaf 9

Hierdie kwessie is hierbo aangespreek.

Paragrafe 10, 11 en 12

Die sake wat hier bespreek word, hou verband met die interne administrasie van Theron & Vennote en/of die HSAG waarin ons geen belang het nie.